









**VRYDAG**
29 November 2024

Volg ons op Facebook
(@067triangle)
Stuur 'n e-pos na
067triangle@gmail.com

# oh!sixseven
central northern areas

# Iets vir almal by Flintstone Creations

Tanja Bause

**"Ek weet nie presies waar die liefde en passie vir plante en mooi dinge vandaan kom nie. Ek weet net dat ek nog altyd van 'n mooi tuin gehou het en daarvan hou om iets met my hande te skep en te maak," sê Charmaine Swart van Flintstone Creations in Otjiwarongo.**

Sy het in 2006 die besigheid begin. "Ek wou graag iets van my eie hê en het begin met 'n kwekery wat ook potte vir plante verkoop. Die eerste potte was baie grof en het my aan die TV-karakter Fred Flintstone laat dink. Dit is waar die naam vandaan kom. Ek het hulle aanvanklik vanuit Suid-Afrika gekry, maar dikwels was hulle stukkend. Dit het my moedeloos gemaak."

Na bladsy 2



**Charmaine Swart is besig met een van haar kleurvolle skeppings. FOTO'S VERSKAF.**

# Geskiedkundige kerkie te koop!

Terwyl opknappingswerk die ou Engelse kerkie opnuut pronkerig op Grootfontein se bult laat staan – soos in sy gloriedae van meer as 70 jaar gelede - het die aankondiging dat dit nou weer te koop is, die noordedorp opnuut aan die gons.

Spookstories van toe die kerk jare lank leeggestaan het, maak vinnig plek vir heimwee oor die destydse Anglikaanse-kerkie van die South West African (SWA) Company, wat sy hoofkwartiere in 1893 op Grootfontein gevestig het en waarvan die mense glo ietwat afsydig van die res van die dorp gewoon het.

"Ek moes vir langer as 'n jaar aan die vorige eienaars se

Na bladsy 3

The Farm Shop

Restaurant, Bar, Accommodation

**Book your End of the year Function**

Grootfontein, Meteorite Road, just 800m from the tare road.
For more info's please call Ulf or Usia 0817237388



Die manne wat in die kwekery werk.





Charmaine verf en gee aan elke produk 'n unieke karakter.



**Le Roux Brew CC**

Namibian Coffee Roasters

081 7969 163

sales@lerouxbrewcc.net

Dr Libertina Amathila Ave., nr. 15, Otjiwarongo

*Coffee is more than just your morning pick-me-up—it's an art and a science. From the balance of flavors to the impact of preparation, equipment, and bean freshness, every detail matters. Our barista course dives into these essentials, helping you master your equipment and elevate your barista skills. Call us!*

Le Roux Brew CC Coffee Roasters in Otjiwarongo is excited to announce that we offer not only freshly roasted coffee, but also Barista training!

We supply, service and maintain: Industrial machines, Espresso machines, Filter machines and Grinders.

We provide on-site Barista training.



Owner Albert le Roux is a qualified Roaster and Barista, who recently completed his CSP Barista Skills (Foundation) course at the Speciality Coffee Association.

**Now Offering You Barista Courses!**

Van bl. 1

Sy het gietvorms vir sementpotte by iemand gekoop, en die persoon het haar gewys hoe dit werk. So het Charmaine mettertyd nog vorms aangekoop en die besigheid uitgebrei.

Vandag het Charmaine vier manne wat die potte in Otjiwarongo maak. Sy verf alles self en gee elke pot sy unieke karakter. Charmaine hou van kleure en speel graag daarmee, en dit maak elke pot anders. Sy het ook drie werkers in die kwekery.

"Maar ons help mekaar waar 'n hand nodig is. Ons het 'n groot verskeidenheid potte om van te kies. Ons werk met vorms wat ons hier en daar bietjie kan aanpas. Ons vervaardig ook tuinstelle van sement, wat die tafel en twee bankies insluit."

## Plante

Van struike, vetplante, vrugtetot skadubome, daar is iets van alles by Flintstone Creations te vind.

"Ek het nie juis 'n gunsteling plant nie. Ek is mal oor almal, maar as hulle blom en lekker ruik, bly hulle 'n wenner."

Daar is ook 'n winkel waar mense 'n verskeidenheid van koekies, biskuite, konfyte, en vars groente en vrugte kan koop.

Flintstone Creations spog ook met twee haarsalonne, wat die sentrum 'n gewilde bymekaarkomplek op die dorp maak.

"Verskeie mense van Otjiwarongo bak vir die winkel.

Ek probeer ook die boere ondersteun deur vir hulle 'n afsetpunt vir hul produkte te gee."

Aan die einde van die maand kan mense van Outjo en Omaruru ook Flintstone Creations se produkte koop, aangesien Charmaine en haar span gereeld hierdie dorpe besoek. Die potte word ook in Walvisbaai, Okahandja en Windhoek verkoop.

## Gebore, getoë op Otjiwarongo

Charmaine is in Otjiwarongo gebore en het haar skoolloopbaan in Keetmanshoop voltooi.

Die hoogtepunt in haar lewe was toe haar kinders gebore is en toe sy Flintstone Creations oopgemaak het.

"Ek is 'n ouma en ek verruil dit vir niks in die lewe nie. My kinders, groot en klein, is my goud en my diamante. Kinders lê my oor die algemeen baie ná aan die hart."

Haar droom is om die potte-afdeling uit te brei en in die toekoms oor die hele land te verkoop.

Van bl. 1

deur klop om die kerkie te kon koop," vertel die huidige eienaar, Hans Steyn. "Dit is meer as 20 jaar gelede. Ek het toe die plafon uitgehaal en seker 50 vragte vlêrmuismis daar weggery."

Intussen was die kerk al in 'n koffiewinkel en later 'n gesellige woonhuis omskep. In die sitkamer staan die ou, swaar doopbak steeds en die houtdeur van die ou gesloopte Nord Hotel is die badkamerdeur.

Buite is 'n tuintjie uitgelê met 'n goedversorgde grasperk, olyfbome en 'n klein, Romeinse swembad.

Oor die spookstories tydens die kerkie se leegstaanjare, lag Hans. "Die teeltjie wat kinders vertel knipoog vir jou, is nog steeds in die kerk."

Ander vertel deur die venster het dit gelyk het of daar altyddeur mense in die leë kerk sit, wat skoolkinders vinniger verby laat stap het. "Hulle het gesê dit spook daarbinne," vertel Lettie du Plessis, 'n oudinwoner wat voorheen in die huis digby die kerk gewoon het. "As jy binne die kerkie oor iemand se skouer kyk, sien jy glo iemand hang. My pa-hulle het een aand om middernag gaan kyk, toe 'pass' die ou uit oor wie my pa se skouer kyk - van bangeit!"

## Geskiedkundige gebou

Ofskoon die kerk eers in 1952 gebou is, het dit deel gevorm van "Klein Engeland", soos Grootfonteiners spottenderwys verwys het na die SWA Company se eiendomme, vertel ds Dirk de Vos van Grootfontein se NG-kerk. "Dit was die maatskappy se 'main kantore' en het gestrek al die pad van die hedendaagse Karl Albrecht-ouetehuis tot by die kerkie, met die hoë mense se swierige huise aan weerskante van die laning."

Volgens beskikbare literatuur het die SWA Company Grootfontein in 1893 sy hoofkwartiere gemaak en vir lank 'n "heilsame invloed" op die omgewing uitgeoefen.

Brittanje het 'n meerderheidsaandeel in die maatskappy gehad, alhoewel dit ook Duitse aandeelhouers gehad het.

Die SWA Company het verskeie sakeondernemings op die dorp bedryf, wat die bestuur van die Abenab-myn asook die bou van die treinspoor van Otavi tot op Swakopmund ingesluit het.

Op Sondag 10 Augustus 1952 het ene biskop John van Damaraland die hoeksteen van die klein, gesellige kerkie gelê.

Niemand kan egter bevestig of dit waar is dat 'n bottel met onbekende dokumente agter daardie einste hoeksteen toegemessel is nie.

Voor die kerk gebou is, is eredienste in die eetkamer van die hoof van die organisasie se huis op die bult gehou – 'n huis vol van Viktoriaanse meubels wat glo herinner aan die herehuise van die destydse Engeland en waar 'n hoë leefwyse deur amptenare gehandhaaf is.

Praatjies was dikwels in die 'onderdorp' aan die rondloop oor die swierige dinees op die bult waar selfs die borde warm gemaak word deur die ietwat hooghartige Engelse – skryf C.J. Mouton in sy boek *Togte in Trekkersland.*


Swaco se Anglikaanse-kerkie op Grootfontein, nou 'n huis.

*In All the way to Abenab* vertel Frank Haythornthwaite in die vyftigterjare oor sy aangename verblyf in die herehuis teenaan die kerkgronde "waar ons onlangs 'n pragtige, klein kerkie" gebou het.

Die SWA Company het naderhand uit die dorp onttrek Talle oud-inwoners koester egter nog steeds mooi herinneringe aan die kerkie.

"Met besondere liefde en heimwee dink en aan hierdie kerkie waar ek, my broer en suster gedoop en voorgestel is. 'n Warm hartlikheid en oorweldigende rustigheid het 'n mens daarbinne oorval. Die geur van die kerse sal my altyd bybly," vertel Emily de Jager.

Markus Prickett, wat saam met sy vrou Ulli aan stuur van sake van Grootfontein se museum staan, vertel hy en sy ouer suster het ook as kinders na die kerk toe gegaan.

**Belangstellende kopers kan vir Hans Steyn by 081 279 1599 kontak.**



SALE

## HISTORIC MASTERPIECE THAT COMBINES PAST ELEGANCE WITH MODERN COMFORT



# HISTORIC ENGLISH CHURCH IN GROOTFONTEIN

HUGE ERVEN

3 Bedroom

1 Bathroom

**PRICE**

N$ 2 MILLION

**TYPE**

Home /Church

## OVERVIEW

**Step into history with this beautifully restored church, perched on a scenic hilltop in Grootfontein. This 70-year-old gem is more than just a building–it's a story, a memory, and a unique piece of Northern Namibia's heritage.**

- Historic Charm: Built in 1952 by the South West African (SWA) Company
- Versatile Use: Church, coffee shop or a cozy double-story home
- Unique Features:
  - Original baptismal font in the living room.
  - A bathroom door salvaged from the historic Nord Hotel.
  - Double storey with stairs
  - A picturesque garden with olive trees, a manicured lawn, and a Roman-style swimming pool.



GARDEN



MASTER BEDROOM



LIVING ROOM



BATHROOM



KITCHEN



UPSTAIRS

## GET IN TOUCH


Contact owner Hans Steyn

081 279 1599


MT
MICRO TECH
NAMIBIA
Empower Your Future
with Leading IT Solutions
Experience unparalleled expertise and support from our team of dedicated professionals who understand that your success is our mission.
From state-of-the-art hardware and software solutions to personalized IT services, we ensure your infrastructure is not just functional but futuristic.
Contact Us!
CORNÉ DUPLESSIS
+264 81 149 4050
T +264 64 403 934
F +264 64 403 934
corne@microtechnamibia.com
admin@microtechnamibia.com
Swakop Plaza Hotel
First Floor
WWW.MICROTECHNAMIBIA.COM

# Our Network, Your Advantage

MICRO TECH NAMIBIA



With locations across **Namibia**, **MicroTech** ensures that wherever you are, high-quality **IT solutions** aren't far away. Our extensive network of service points highlights our commitment to providing accessible and reliable IT support tailored to the unique needs of each region.

- **Nationwide Coverage:**
  Service points in every major town across Namibia
- **Local Support, Global Standards:**
  Get the same high-quality service whether you're in Windhoek, Swakopmund, or beyond
- **Seamless IT Integration:**
  From urban centers to remote locations, we keep your business connected

**CORNÉ DUPLESSIS**
+264 81 149 4050

**T** +264 64 403 934
**F** +264 64 403 934

corne@microtechnamibia.com
admin@microtechnamibia.com

Swakop Plaza Hotel
First Floor

WWW.MICROTECHNAMIBIA.COM

# Antoinette se 'ougoed en hougoed'



Sarien Fourie

Voor die groot skuifhek vang jou oog die prettige tuintjie van geel, turkoois en pers geverfde buitebande. Dan omhels die skadu van 'n Oupagrootjie worsboom jou in 'n wêreld vol versigtig bewaarde skatte.

Dit is die huis van Grootfontein se Zahradniky's – waar 'ougoed en hougoed' 'n nuwe lewe kry.

Antoinette is op die geskiedkundige datum van 16 Desember 1954 gebore – in 'n ewe geskiedkundige klipgebou, wat voorheen Grootfontein se eerste hospitaal was en vandag 'n Duitse koshuis. Dalk was haar geboortedag 'n teken van die voorliefde wat sy vir geskiedenis sou ontwikkel. "Al was ek nog nie toe gebore nie, het ek baie oudhede," merk sy op. Sy wys 'n versameling plakboeke waarin sy "alles wat vir haar ná aan die hart is" bewaar: Haarlokkies van haar drie kinders se eerste haarsny tot herinneringe van toe sy as 'n 25-jarige vrou 'n plaasaanval saam met haar ouers oorleef het – met haar eerste kind wat toe nog net 18 maande oud was.

In die plakboeke ontmoet jy 'n besonderse mens met 'n fyn sin vir humor – met 'n gawe om die ongewone raak te sien.

Die boeke bevat 'n versameling bont paaseierverf in sakkies - die eerste een wat sy nog by haar ma gekry het. Daarby ook 'n tong-in-die-kies opmerking oor die prysverskil tussen die eerste sakkies en die vandag se pryse.

In die kombuis "hang" die verlede oral teen die mure. Dit sluit in 'n verweerde handgemaakte vleisbyltjie wat uit die tyd van die Tweede Wêreldoorlog kom toe alles skaars was en baie dinge self gemaak moes word. Sy wys 'n meelsif wat Karl Dengler ook tydens die Tweede Wêreld-oorlog gemaak het.

"Toe was slegs growwe meel beskikbaar - 'n probleem vir koekbak. Daarvoor moes die meel eers gesif word," onthou sy.


Antoinette het onlangs ook saam met 'n span gesorg dat die geskiedenis van die NG Kerk op Grootfontein lewendig bly. Onder haar bekwame leiding is 'n resepteboek saamgestel as geskenk vir die kerk se 80ste verjaarsdagvieringe. Sy is juis 'n versamelaar van resepte en is lief daarvoor om dit uit te toets.

In haar woorde: "Die boek is vol resepte van mense wat nie meer met ons is nie, maar hul resepte leef voort." Daarom is op die titel *Grootspoor Onthou Resepte* besluit.

By die Zahradniky's lééf die 'onthou' voort. Selfs Antoinette se besondere versameling van uil-beelde verteenwoordig elkeen 'n stukkie onthou.

Dis moeilik om te groet, want jy wil nog 'n bietjie tyd in die warmte van al haar herinneringe en mooi 'onthou' bestee, wat so vrylik uit Antoinette se menswees vloei. Eendag sal "onthou" tog al wees wat van ons almal oorbly.





# Calender of events

Want to publish your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




### 30 November 2024

Grootfontein Kersmark
Tsumeb Kersmark
Otjiwarongo Kersmark
Kerssangdiens NG-kerk Otjiwarongo, 19:00

### 14 - 16 Desember 2024

Geloftefees by die Veldduin-boereverenigingsaal, Grootfontein-distrik













## Welcome Aboard Sonja!



**We are thrilled to welcome Sonja Louw to the Oh!SixSeven team!**

## Otjiwarongo

**Sonja is your go-to person for placing adverts in our newspaper:** Showcase your business, Promote an event, Share a story!

081 678 8228 067triangle@gmail.com oh!sixseven central northern areas